

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

7 Maart 2021



www.gkcachet.org.za

Afrikaanse ErediensteSondae 09:30 en 18:00

In die Gemeentesentrum (GS) op
NWU Kampus, Hoffmanstraat 28

English Worship ServiceSundays 10:45

In the Church House on the
NWU Campus, 28 Hoffman Street

KerkkantoorDinsdae en Vrydae 08:30-12:00

Lulu Coetsee – 018 294 4894;
079 4949 7360

Predikant

Ds. Brahm Robinson – 064 656 1374;
brahmrobinson@gmail.com

Kontakpersone & Inligting **Pastorale berader:**

Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

Susters:

Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

Koster en Powerpoints:

Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

Vervoer na eredienste en kerkaksies:

Zard Aucamp –
061 638 5247

**Erediens preke en oordenkings:**

<http://gkcachet.org.za/preke/> 

Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne: 

<https://npwepener.wixsite.com/website>

Hulppredikante:

Prof. (Oom) Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):

Nardus Buys – 076 413 7273
nardusbuys14@gmail.com

Jubila-voorsitter:

Estmia van der Walt – 078 625 7400
estmia.hm@gmail.com

Stuur enige inligting vir die Cachetbiljet na:

Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

Bankbesonderhede:

Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters en van



Oggenddiens

Ds Brahm Robinson

Skriflesing: Hebreërs 3:7–4:13

Tema: Die Heilige Gees roep ons *vandag* tot bekering deur die Woord

Uitsending: [Oggenddiens](#)

Aanddiens

Ds Brahm Robinson

Skriflesing: Lukas 7:11-17

Tema: Jesus Christus heers oor die dood

Uitsending: [Aanddiens](#)



gedagte vir die week


soos die kleur'ge reenboogkrans
sweef daarbo sy vredeglans;
en die grote wêreldstigter
Hy, die sterke onweersrigter,
Hy laat op sy erf benede
druppels daal van seen en vrede.

Psalm 29:5B (Totius)

CACHET

Lief en Leed:

- † Cecilia Engelbrecht se ma het geval en het bloeding op die brein. Sy word tans nog in die intensiewe sorg eenheid versorg, maar sy is stabiel en dit gaan beter met haar.
- † Prieur du Plessis is gediagnoseer met Covid-19 en beleef redelik ernstige simptome.




Liefdegawes:



Elektroniese betalings van kollekte en bydraes:

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir die eerste kollekte:



<https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287>

Oggend 1ste kollekte:
Thusofonds

EFT vir kollektes:

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Thusofonds
(deponeer elke kollekte apart)

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir tweede kollekte:



<https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324>

Aand 2de kollekte:
Instandhouding van die GS

EFT vir kollektes:

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Instandhouding van die GS
(deponeer elke kollekte apart)

Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:

Snapscan vir maandelikse bydraes:


<https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I>

ABSA Tjekrekening
 0670340023
 Takkode: 335138
 Verwysing: Naam, van en wyk

VERJAARSDAE:

- 6 Maart Leroné Boshoff
- 8 Maart Amy van Rheede van Oudtshoorn
- 9 Maart Anneli Cockcroft
- 11 Maart Louw Pretorius
- 12 Maart Leona Botha
- 13 Maart Anja Buitendag
- 13 Maart Hilde van Staden



*Nie aan óns, o troue God,
 aan ú Naam alleen gee eer!*

Ps 115:1a

Administratief

1. Attestate vertrek/oorgegaan

- Eloise du Plessis na *GK Heidelberg*
- Rochelle de Klerk na *GK Heidelberg*
- Hardus en Chané Bray na *GK Bloemburg*
- Elisma Riekert na *NG Wellington-Oos*
- Adri van Wyk na *GK Bethlehem*
- Chrisof Bekker na *GK Die Kandelaar*
- Willem Steyn na *GK Olifantshoek*
- Zelda Genis na *GK Potgieterus*



2. Ouderlinge en diakens

Die volgende broeders word ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir die volgende ampte:

- Cheer Motshwaiwa as diaken en Pararayi Ndiwoneyi as ouderling (laaste keer).
- Mduduzi Mahlangu as ouderling

4. Bevestiging van ampsdraers

Wikus Opperman word Sondagaand, 7 Maart 2021, tydens die aanddiens in die amp van ouderling bevestig.

5. Toerusting: Covid-19 vaksine

Daar sal Sondagaand ná die aanddiens 'n toerustingssessie wees oor die Covid-19 vaksine en ons rol as Christene. Die bespreking word gelei deur Albert Coetsee and Nico Lemmer. Kom luister saam na hierdie interessante onderwerp.

6. Nagmaal

Die gemeente word herinner dat ons DV 14 Maart 2021 saam Nagmaal vier tydens die aanddiens.

7. Oggenddiens 21 Maart 2021

Sondag, 21 Maart 2021, sal daar nie 'n Afrikaanse oggenddiens wees nie, agv van die langnaweek. Daar is wel 'n Engelse diens om 11:00 en almal wat in Potchefstroom is word uitgenooi om hierdie diens saam by te woon en deel te neem.




Toerusting: Covid-19 Vaksine

Albert Coetsee

Nico Lemmer

Sondag, 7 Maart 2021,
ná die aanddiens

Bybelstudies 2021



Woensdae oggende (07:00)

Ds Brahm Robinson (064 656 1374)

@ Bezuidenhoutstraat 5

~ Eksodus ~

Woensdae aande (18:00)

A woman holding a bouquet of pink and purple roses. The image is soft and slightly blurred, focusing on the hands and the flowers.

Ester
Bybelstudie
Woensdae 18:00
@ Die Hawe
Theuns: 072 151 9185

Donderdae aande (19:00)

Prof Albert Coetsee (084 577 1777)

 Google Meeting

~ Daniël/Tematiese Bybelstudies ~

Donderdae aande (19:00)

Riaan Wattel (082 529 2969)

@ Gemeentesentrum (GS)

~ Amos ~

Kontak gerus die Bybelstudie-leier om deel te word van die Bybelstudie. Daar sal in Maart nog Bybelstudies begin waarby almal kan inskakel.



Dinsdae
17:00 - 17:45
Kom sing saam!

**Cachet
Minuet**

Minette: 084 580 4002

CACHET FUN RUN

Saterdag 6 Maart

8:00

Vertrekpunt- Brahm se huis

5km teen jou eie pas
Draf, stap of sprint

Vir meer inligting kontak Mareli: 060 533 8853

Lekker koffie na die tyd
by Brahm se huis teen
RIO



CACHET FEESSTAP 2021



Cachetters, oud-Cachetters
en vriende van Cachetters
is almal welkom!

23 - 27 April 2021

R790 per persoon

Sluitingsdatum 31 Maart 2021



VIR VERDERE INLIGTING EN DIE INSKRYWINGSVORM
VOLG DIE MEEGAANDE SKAKEL



Cachet Fees 2021

Hierdie jaar sien ons uit om die Kingdom Trail net anderkant Witbank aan te pak. Dit is 'n vierdagroete waar jy jou eie sak saamdra. Die geleentheid is vir Cachetters, oud-Cachetters en vriende van Cachetters. Hier is die skakel tot die inskrywingsvorm: <https://forms.gle/6Cc6LZM2jdaX9bsLA>

Die datum van hierdie avontuur is 23-27 April 2021. Ons kry mekaar die Vrydag 23 April om 17:00 by die Slagthoek huis. Die eerste dag van stap is 24 April. Die oornaghtute is soos volg:

- 23 April – Slagthoek
- 24 April – Grootdraai
- 25 April – Kingdom
- 26 April – Klipkamp

Ons slaap nie die laaste stapdag oor nie en keer 27 April huiswaarts.


Indien jy meer inligting oor die roete verlang, gaan loer gerus na: <https://www.kingdomtrails.co.za/trails.htm>

Die verblyfkoste en toegangskoste is R790 per persoon. Om jou plek te bevestig, moet jy 'n deposito van R400 betaal. Jou plek word geensins as bevestig beskou al het jy die vorm ingevul nie. Daar is ook beperkte plek so die toedien wat plekke gaan op eerste betaling plaasvind. Die volle bedrag moet teen 31 Maart 2021 betaal word. Stuur die bewys van betaling per e-pos na willem.vdmeer96@gmail.com stuur. Die bankbesonderhede is soos volg:

WA van der Meer
Absa Tjekrekening
4063928071
Takkode – 632005
Verwysing – JouNaamVanKingdom

Die koste hierbo sluit nie vervoer in nie. As 'n riglyn kan jy begroot op so R200 indien vier mense per kar ry vanaf Potchefstroom en terug. Kos is ook selfsorg en kan jou tipies R400-R500 uit die sak haal vir 'n vierdagstap.

Vir nog vrae kan Willem van der Meer by 073 021 6871 gekontak word.



Cachet-klerasie

Church merch is hier,
bestel nou!

Bestellings is oop tussen
21 Februarie en 14 Maart 2021

Bestellings kan gepos word (teen R60) of
na eredienste afgehaal word by Archellé

Om bestellings te plaas, volg die skakel of
kontak Archellé by 082 944 2040






**SOFT SHELL BAADJIES
IN NAVY BLOU
R355**



**BUFFS
R35**



**BUCKET HAT
R65**



**HOODIES
IN NAVY BLOU
R255**

BETALINGS SLUIT 14 MAART 2021

EFT DIE BETALINGS NA
GK CACHET JUBILA
FNB TJEKREKENING
250655
62849324687

E-POS DIE BEWYS VAN BETALING
NA CACHETJUBILA@GMAIL.COM

PRYSE IS ONDERWORPE AAN
VERANDERING ELKE KEER AS
BESTELLINGS OOPMAAK,
AFHANGEND VAN VERSKAFFERS
SE PRYSE



[Church Merch Skakel](#)



RAW PURE HONEY


R110 - 1KG

~~~~~  
Contact 083 358 0365 (Melanie)



# Kruispad e-tydskrif

## GKSA Jeug



### Versterk jou gebedslewe, versterk jou geloof!

Het jy al daaraan gedink hoe wonderlik dit is dat een van die dissipels vir Jesus gevra het: "Here, leer ons bid ..."? Omdat sy antwoord vir ons neergeskryf is, kan ons vandag nog soos die dissipels by Jesus se voete gaan sit om te leer bid. Hy doen dit in wat ons die *Onse Vader* noem. Dit is wat ons in [hierdie maand](#) se artikels wil doen. Ons wil saam by Jesus se voete gaan sit om te leer bid.

Wanneer ons die *Onse Vader* bestudeer is dit belangrik om te weet dat dit vir die Christen 'n raamwerk is waarvolgens ons ons gebedslewe moet inrig. Dit beteken dat Jesus vir ons in die *Onse Vader* al die belangrike elemente gee wat in ons gebede moet wees. Jy kan in jou gebede lank uitbrei op elkeen van die elemente en dit in jou eie woorde bid - solank elkeen deel is van jou gebedslewe. Ons noem normaalweg hierdie elemente die ses bedes van die *Onse Vader*. Lees hier onder die ses bedes en die artikel wat by elkeen pas, asook 'n inleidende artikel vir hoekom dit so belangrik is om te bid.

Onthou, jy kan jou geloofslewe aan jou gebedslewe meet. As jou gebede opdroog, kan jy maar weet dat daar iets fout is in jou geloofslewe. Gebruik dus wat jy tot jou beskikking het – die Bybel, die Onse Vader, Jesus as ons volmaakte voorbeeld. Só kan jy in jou geloofslewe groei.

Tot volgende maand,

Die *Kruispad*-redaksie

## Hoe lyk jou gebedslewe? Leer by Jesus!



### Hoekom is gebed so belangrik vir jou geloof?

*Kruispad* kyk na die ses bedes in die Onse Vader, dié gebed wat ons leer bid. Ons moet elkeen van hierdie bedes verstaan, sodat dit ons gebedslewe kan versterk. [Lees die artikel hier.](#)



Bede 1: "Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word;" (Matteus 6:9).

### Ons kan bid tot ons Vader in die hemel

In die eerste bede van die Onse Vader leer ons tot Wie ons bid en hoe ons sy Naam as heilig moet ag. [Lees die artikel hier.](#)



Bede 2 en 3: "laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel" (Matteus 6:10).



Bede 4: "Gee ons vandag ons daaglikse brood;" (Matteus 6:11).

### Gelowiges bid vir God se koninkryk en God se wil

*Kruispad* kyk na die tweede en derde bedes van die Onse Vader. [Lees hier](#) hoe dit betrekking het op hoe ons as burgers van God se koninkryk moet lewe.

### Bid vir die Here se daaglikse versorging

Wat beteken dit as jy in gebed vir jou "daaglikse brood" vra? [Lees hier](#) wat dit beteken vir hoe ons moet bid.





Bede 5: "... en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree;" (Matteus 6:12).



Bede 6: "... en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose" (Matteus 6:13).

### Christene wat vergifnis ontvang, moet ook ander vergewe

Elkeen van ons het in sonde teen God oortree, en daarom moet ons om vergifnis sreek. Dán moet jy hierdie vergifnis aan ander bewys. [Lees hier](#) wat ons van die Onse Vader se vyfde bede leer.

### Bid dat jy sal volhard deur versoeking

Wanneer ons vra om nie in versoeking te kom nie, moet ons mooi verstaan wat dit beteken én wat dit nie beteken nie. [Lees die artikel hier](#).

Laai hierdie nuusbrieff as 'n PDF-dokument af wat jy kan deel



maandeliks, gratis, gereformeerde

[WWW.KRUISPAD.NET](http://WWW.KRUISPAD.NET)





## Die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

PO Box 20004,  
NOORDBRUG 2522  
POTCHEFSTROOM

Tel. (018) 297 3986  
Faks. (018) 293 1042  
E-pos johan@gksa.co.za

Geregistreer as

KREDIETVERSKAFFER in terme van artikel 40 van die NASIONALE KREDIETWET 34 VAN 2005

NCRC6707

### DEPUTATE KERKLIKE TYDSKRIFTE

3 Maart 2021

#### DRINGENDE VERSOEK OM HULP

Eerwaarde Kerkraad, broers en susters,

Die Deputate Kerklike Tydskrifte neem hiermee die vrymoedigheid om die kerke te nader met 'n dringende versoek om te verhoed dat ons kerklike tydskrifte finansiëel ondergaan.

Ons kerklike tydskrifte, wat deur die kerke tot stand gebring is, verkeer tans in die grootste krisis van hulle bestaan, en daar is 'n wesentliche moontlikheid dat 'n blad soos Die Kerkblad na 147 jaar nie langer sal kan voortgaan nie.

Daar is volgens die oordeel van die Bestuur veral twee redes vir die huidige krisis. In die eerste plek het die bydraes van ons kerke drasties afgeneem as gevolg van die ekonomiese situasie in ons land. Hiermee saam het die korona-pandemie 'n belangrike rol gespeel deurdat kerke vir baie maande nie eredienste kon hou en kollekte vir die kerklike tydskrifte nie ingesamel kon word nie.

Tweedens neem die intekenaartal voortdurend af en moet 'n klein groepie intekenare die stygende koste dra. Wat 'n blad soos Die Kerkblad betref, is daar op die oomblik net meer as 1300 intekenare wat die papierkopie ontvang.

Wat Die Kerkblad alleen betref, beloop die tekort vir die afgelope 30 maande 'n bedrag van R160 000. 00. Gevolglik is die fondse van Die Kerkblad geheel en al uitgeput. Die situasie by die Vroueblad en Slingerveld is ook kommerwekkend. Die Bestuur van die Buro, saam met die Deputate vir Kerklike Tydskrifte en die redaksies gee tans dringende aandag aan die saak, maar sonder die hulp van ons kerke, wat uiteindelik die verantwoordelikheid vir die tydskrifte dra, is 'n blywende oplossing nie moontlik nie. 'n Dringende vergadering van die Deputate Kerklike Tydskrifte saam met lede van die Bestuur is op 3 Maart 2021 gehou om die krisis indringend te bespreek en alternatiewe wyses van bemerking en verspreiding van die tydskrifte te probeer vind. Die saak van elektroniese verspreiding het onder andere aandag gekry asook metodes om die finansiële tekorte aan te vul en kostes drasties te besnoei.

Die Deputate Kerklike Tydskrifte het volle begrip vir die finansiële situasie waarin baie gemeentes hulle bevind. Ons is egter ook bewus van gemeentes en individuele lidmate wat werklik in die vermoë is om 'n bydrae te kan maak.

Ons kan die erns van die situasie nie genoeg beklemtoon nie. Daarom doen ons 'n dringende beroep op ons kerke om ons behulpsaam te wees om hierdie krisis te hanteer. Dit kan gebeur deur:

**DEPUTATE KERKLIKE TYDSKRIFTE**

**Bladsy 1 van 2**

- "agterstallige kollektes" dringend aan te stuur;
- behalwe die kollektes, ekstra bydraes te oorweeg wat nie noodwendig in een bedrag oorbetaal hoef te word nie;
- deur 'n beroep te doen op vermoënde lidmate om 'n bydrae vir hierdie belangrike saak te oorweeg.

Ons versoek dan ook dat u asseblief hierdie skrywe aan al die lidmate deurgee.

Ons is oortuig dat die uitdra van die Bybelse beginsels en waarhede deur middel van ons kerklike tydskrifte 'n blywende roeping is. Mag ons kerke die genade ontvang om ook in hierdie opsig ons verantwoordelikheid voor die Here na te kom.

Ons neem ook die vrymoedigheid om u voorbidding vir ons kerklike tydskrifte te vra, en verseker u graag van ons voorbidding vir U as kerkraad en gemeente van ons Here Jesus Christus.

Ons groet U in sy Naam



DR. J LION-CACHET (voorsitter Deputate Kerklike Tydskrifte)



DS. SJB LEE (skriba Deputate Kerklike Tydskrifte)

# Die Kerkblad

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

• Posbus 20008, Noordbrug 2522 • Tel. 018 297 3986 • Faks 018 293 1042 •  
E-posadres: [kerkblad@gksa.co.za](mailto:kerkblad@gksa.co.za) •

4 Maart 2021

Geagte Kerkraad

*Die Kerkblad* is hierdie jaar 147 jaar oud. Indien 'n mens deur van die ouer uitgawes blaai, tref dit jou elke keer dat die taal en styl van *Die Kerkblad* deel is van die spesifieke tyd van die uitgawe én met die hardop lees van artikels klink die taal-idiom selfs vreemd op die oor.

Baie van die artikels is egter nog vir vandag relevant. Die vraagstukke waaroor gelowiges vrae het, herhaal van generasie tot generasie. Elke generasie besin opnuut daaroor. Dit kan ook nie anders vir mense wat onbeskaamd erns met die gesag van die Skrif maak nie. 'n Mens kom selfs effens oorbluf tot die gevolgtrekking dat die verskille tussen die artikels in die verskillende tydsgewigte redelik oppervlakkig is. Die boodskap oor hierdie temas, wat van geslag tot geslag herhaal, het in die verre meerderheid van gevalle nie verander nie: die evangelieboodskap van gister is ook die evangelieboodskap vir vandag. Die Woord van die Here geld onveranderd deur die eeue vir dié wat daarna vra.

Die Redaksie van *Die Kerkblad* staan onbeskaamd in hierdie gebaande weg. Ons wil *Die Kerkblad* eietyds en relevant vir ons lesers aanbied en toespits op aktuele vraagstukke, maar sonder om die evangelieboodskap te verdun of aan te pas. Daarom neem ons in hierdie krisistyd vir die kerke die vrymoedigheid om hierdie skrywe aan u te rig as deel van 'n groter plan om *Die Kerkblad* getrou aan die Skrif en gerig op ons tyd te laat voortbestaan.

Die realiteit is dat kerklike publikasies in die verskillende denominasies, maar spesifiek ook in die GKSA, onder ernstige finansiële druk is. Die gevolge van die pandemie, waaronder 'n ernstige finansiële las op die kerke en verskeie ander faktore, dra daartoe by dat die Redaksie indringend oor *Die Kerkblad* besin. Tans is ons nie bereid om aan die Sinode te rapporteer dat hierdie unieke gereformeerde stem in die kerkverband, maar ook in Suid-Afrika tot niet gaan nie, maar wil graag toesien dat *Die Kerkblad* sinvol voortbestaan en eerder in die toekoms uitbrei as verklein. Ons ontwikkel daarvoor 'n plan met verskillende fasette, waarvan die Deputate vir Kerklike Tydskrifte kennis het en daartoe bydra.

Die doel van hierdie skrywe is om u te versoek om met ons saam te werk in hierdie proses. *Die Kerkblad* is immers die tydskrif van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Ons almal het daarby 'n belang dat dit op 'n hoë standaard, maar bevatlik vir ons mense, voortbestaan. Ná deeglike besinning is die Redaksie daarvan oortuig dat die beste en tans die eenvoudigste weg vir die voortbestaan van *Die Kerkblad* is om die getal intekenaars substansieel te verhoog.



Ons versoek u soos volg:

- Om 'n persoon in die gemeente aan te wys om *Die Kerkblad* aan die gemeente (en enige ander belangstellendes) bekend te stel en te verkoop, én om sy besonderhede aan die Redaksie van *Die Kerkblad* deur te gee. Die persoon staan in kontak met die Redaksie en die gemeente. Enige probleme en vrae kan op hierdie wyse direk aangespreek word. Dit gee ook 'n effektiewer kommunikasiekanaal vir die hantering van versoeke of voorstelle wat aan die redaksie gerig word.
- Om die hande van die Redaksie te sterk deur insette oor enige aspek (bv. oor die inhoud, die uitleg, die taal en die styl, ens.) van *Die Kerkblad* aan die Redaksie deur te gee. Ons wil *Die Kerkblad* graag op die hoogs moontlike standaard aan u beskikbaar stel, maar moet daarom ook weet wat die verwagtinge en behoeftes van die lesers is.
- Om nie teenproduktief vir die werwing van intekenaars op te tree nie. Gemeentes kan met die beste bedoeling lesersgetalle bevorder deur byvoorbeeld 'n elektroniese kopie van *Die Kerkblad* in die gemeente beskikbaar te stel of om harde kopieë daarvan uit te druk. Dit verhoog egter die druk vir die voortbestaan van die publikasie omdat potensiële inskrywings daarmee verlore gaan. Dit het ook ernstige etiese implikasies om 'n produk, waarvoor daar 'n inskrywing en betaling vereis word, gratis te versprei.

Die Redaksie van *Die Kerkblad* versoek u vriendelik om op die bogenoemde wyse met ons saam te werk om die gereformeerde stem wat *Die Kerkblad* vir die kerke en die samelewing bied, in stand te hou én vir die toekoms te verseker.

Met dank vir u dringende aandag aan hierdie saak!

Vriendelike groete



PROF. CFC COETZEE (redakteur en voorsitter van die Redaksiekommissie)



SR. J. FOURIE (skriba van die Redaksiekommissie)

## Kerkblad se geldkas dolleeg

Die GKSA se tydskrifte verkeer in die grootste krisis van hul bestaan, skryf die Deputate Kerklike Tydskrifte in 'n dringende pleidooi aan lidmate en kerke. “Daar is 'n wesenlike moontlikheid dat 'n blad soos Die Kerkblad ná 147 jaar nie langer sal kan voortgaan nie.”

Daar is veral twee redes vir die krisis. Eerstens het kerke se bydraes drasties afgeneem weens die ekonomiese situasie. Hiermee saam het die korona-pandemie veroorsaak dat kerke maande lank nie credienste kon hou en kollektes vir die kerklike tydskrifte kon insamel nie.

Tweedens moet 'n klein groepie intekenare die stygende koste dra omdat die intekenaartal Kerkblad. Hierdie blad se tekort vir die afgelope 30 maande beloop R160 000.



“Gevolglik is die fondse van Die Kerkblad geheel en al uitgeput,” skryf die Deputate. “Die situasie by die Vroueblad en Slingervel is ook kommerwekkend.”

Die Bestuur van die Admin Buro, saam met die Deputate vir Kerklike Tydskrifte en die redaksies, gee dringende aandag aan die saak, maar sonder die hulp van die kerke, wat uiteindelik die verantwoordelikheid vir die tydskrifte dra, is 'n blywende oplossing onmoontlik.

Die Deputate Kerklike Tydskrifte het op 3 Maart met lede van die Bestuur vergader om die krisis indringend te bespreek en alternatiewe wyses van bemerking en verspreiding van die tydskrifte te probeer vind. Elektroniese verspreiding het onder andere aandag gekry, asook metodes om die finansiële tekorte aan te vul en koste drasties te besnoci.

Die Deputate Kerklike Tydskrifte skryf hulle het volle begrip vir die finansiële situasie waarin baie kerke hulle bevind. “Ons is egter ook bewus van gemeentes en individuele lidmate wat werklik in die vermoë is om 'n bydrae te kan maak.

“Ons kan die erns van die situasie nie genoeg beklemtoon nie. Daarom doen ons in dringende beroep op ons kerke om ons behulpsaam te wees om hierdie krisis te hanteer.”

Hulle stel voor dat “agterstallige kollektes” dringend aangestuur word en ekstra bydraes oorweeg word, wat nie noodwendig in een oorbetalings hoeft te geskied nie. Ook kan kerke 'n beroep op vermoënde lidmate doen om 'n bydrae vir hierdie belangrike saak te oorweeg.

“Ons is oortuig dat die uitdra van die Bybelse beginsels en waarhede deur middel van ons kerklike tydskrifte 'n blywende roeping is,” skryf die Deputate. “Mag ons kerke die genade ontvang om ook in hierdie opsig ons verantwoordelikheid voor die Here na te kom.

“Ons neem ook die vrymoedigheid om u voorbidding vir ons kerklike tydskrifte te vra, en verseker u graag van ons voorbidding vir u as kerkraad en gemeente van ons Here Jesus Christus.”



## Dringende beroep: Laat belangrike gereformeerde stem steeds gehoor word

Die Kerkblad vra kerkrade moet dringend saamwerk om hierdie unieke gereformeerde stem te versterk en te keer dat dit vir altyd stil word.

Prof. C.F.C. Coetzee, redakteur van Die Kerkblad en voorsitter van die Redaksiekommissie, sê al is die tydskrif vanjaar 147 jaar oud en is die taal in die ouer uitgawes soms vreemd, is baie van die artikels vandag nog relevant.

“Die vraagstukke waaroor gelowiges vrae het, herhaal van geslag tot geslag. Dit kan ook nie anders vir mense wat onbeskaamd erns met die gesag van die Skrif maak nie ... Die evangelieboodskap van gister, is ook die evangelieboodskap vir vandag. Die Woord van die Here geld onveranderd deur die eeue vir dié wat daarna vra.”

Die Redaksie van Die Kerkblad staan onbeskaamd in hierdie gebaande weg, sê prof. Coetzee. “Ons wil Die Kerkblad relevant vir ons lesers aanbied en toespits op aktuele vraagstukke, maar sonder om die evangelieboodskap te verdun of aan te pas.”

Daarom skryf die kommissie in hierdie krisistyd aan alle kerke en vra dat kerkrade sal help om Die Kerkblad Skrifgetrou sowel as aktueel as deel van ’n groter plan te laat voortbestaan.

Amper alle kerkgenootskappe se publikasies verkeer onder ernstige finansiële druk weens die koronapandemie. Maar, sê prof. Coetzee, “tans is ons nie bereid om aan die Sinode te rapporteer dat hierdie unieke gereformeerde stem in die kerkverband, maar ook in Suid-Afrika, tot niet gaan nie ... Ons ontwikkel daarvoor ’n plan met verskillende fasette.”

Prof. Coetzee skryf die redaksie het deeglike besin en tot die gevolgtrekking gekom dat ’n aansienlike vermeerdering in die getal intekenare die eenvoudigste weg is om Die Kerkblad se oorlewing te verseker.

Daarom vra die redaksie kerkrade se hulp soos volg:

- Om ’n skakelpersoon in elke gemeente aan te wys om Die Kerkblad aan die gemeente (en ander belangstellendes) bekend te stel en te verkoop, en met die redaksie te skakel. Enige probleme en vrae kan so direk aandag kry.





- Om insette oor byvoorbeeld die inhoud, uitleg, taal en styl van Die Kerkblad aan die redaksie deur te gee sodat dit op die hoogs moontlike standaard kan wees en in voeling met lesers se behoeftes.

Die redaksie vra egter dat kerkrade nie “teenproduktief” vir die werwing van intekenare sal optree nie. “Gemeentes kan met die beste bedoeling lesersgetalle bevorder deur byvoorbeeld ’n elektroniese kopie van Die Kerkblad beskikbaar te stel of om harde kopieë daarvan uit te druk,” sê prof. Coetzee.

“Dit verhoog die druk op die voortbestaan van die publikasie omdat potensiële inskrywings daarmee verlore gaan.”

Die redaksie vra kerkrade vriendelik dog dringend om met hulle saam te werk om die gereformeerde stem wat Die Kerkblad vir die kerke en die samelewing bied, in stand te hou én vir die toekoms te verseker.

## KERKLIKE TYDSKRIFTE

Vir aktuele Christelike artikels – teken in op *Die Kerkblad*

Om in te teken: Kontak Angie Mokobi by 018 297 3986 of  
[tydskrifte@gksa.co.za](mailto:tydskrifte@gksa.co.za)

Daar is verskillende opsies om in te teken:

1. *Die Kerkblad* (self  
afhaal by Admin  
Buro, posgeld  
uitgesluit, 11  
uitgawes) – R301
2. *Die Kerkblad*  
(individuele  
intekening,  
posgeld ingesluit,  
11 uitgawes) –  
R434
3. *Die Kerkblad* (in  
groep, na die  
gemeente gestuur,  
posgeld ingesluit,  
11 uitgawes) –  
R407
4. *Die Kerkblad*  
(elektroniese  
intekening,  
ontvang per e-pos,  
11 uitgawes –  
R126



**Slingervel – Christelike maandblad vir die jeug**

Om in te teken: Kontak Angie Mokobi by 018 297 3986 of  
[tydskrifte@gksa.co.za](mailto:tydskrifte@gksa.co.za)

Daar is verskillende opsies om in te teken:

Individuele intekening  
R405.00 – 10 uitgawes  
[posgeld + BTW  
ingesluit]

Afhaal by Admin Buro  
R285 – 10 uitgawes

Elektroniese  
intekening  
R146.00 – 10 uitgawes


Intekening moet  
skriftelik gekanselleer  
word





# DIE GEREFORMEERDE *Vroueblad*

MAART/APRIL 2021



## *Paasfees*

- Donderdagaand tot Sondagoggend...
- Elke Paasfees besonders
- “Ek is verraai”
- Tuisvoorleesprogramme vir Paasnaweek

**PRYSE (per tydskrif)**

Self-afhaal: R 40-16; Groepe (pos): R 58,50; Individu (Pos): R 63 | Elektronies (enkel): R 25  
Elektronies (3 uitgawes): R 21 | Elektronies (6 uitgawes): R 16,66

## Geopende *Deure* NUUSBRIEF

Geopende Deure Suid-Afrika - 50 jaar diens aan die vervolgte Kerk



Maart / April 2021



## Geopende *Deure*

Diens aan vervolgte **Christene** wêreldwyd

Laai jou Maart/April nuusbrieff in PDF-formaat af

Jy wil nie hierdie groot Bybeluitverkoop misloop nie!



Beste Vriend

Ons kondig met groot opgewondenheid die massiewe uitverkoop van ons Engelse Good News Translation (GNT) Uitreikbybels aan.

Hierdie volledige Bybel is 'n maklik leesbare Engelse vertaling en is perfek vir jonger lesers, tweede taalsprekers en nuwe Christene. Die ingeslote *Help! How should I read my Bible?*-boekie help lesers om hul weg te vind deur die verskillende Bybelboeke, hoofstukke en verse.

Hierdie mediumgrootte Bybel met volkleur sagteband beskik ook oor 'n kantindeks en voetnote.

Hierdie Bybels verkoop nou teen slegs R43 ('n afslag van 14%) per Bybel en is slegs vir 'n beperkte tyd (1 Maart - 30 Junie 2021) teen hierdie prys beskikbaar.

Nou is die ideale tyd om jou voorraad met hierdie Bybels aan te vul wat gepas is vir sendingwerk, sokkombuise en ander uitreikprojekte hierdie Lydenstyd en Paasfees.



Moenie hierdie spesiale aanbod misloop nie! Om die Bybel te koop:

- kontak jou naaste Bybelhuis,
- e-pos [sales@biblesociety.co.za](mailto:sales@biblesociety.co.za) of
- of besoek ons [aanlynwinkel](#).

[Katalogus](#)

[Pryslys](#)

Opregte seënwense

minette jansen van veuren  
verkoopsbestuurder  
e [sales@biblesociety.co.za](mailto:sales@biblesociety.co.za)



**VIER 200 JAAR**  
van Bybelwerk in Suid-Afrika



## GK Cachet Kalender: Maart 2021



| Sondag                                         | Maandag                       | Dinsdag                        | Woensdag          | Donderdag                         | Vrydag                                     | Saterdag |
|------------------------------------------------|-------------------------------|--------------------------------|-------------------|-----------------------------------|--------------------------------------------|----------|
| 28 Feb.                                        | 1                             | 2                              | 3                 | 4                                 | 5                                          | 6        |
| 7<br>Rooipoortjie<br>(@ 11:00)                 | 8                             | 9                              | 10                | 11                                | 12                                         | 13       |
| 14<br>Rooipoortjie<br>(@ 11:00)<br><br>Nagmaal | 15                            | 16<br>Koffiekroeg<br>(@ 19:00) | 17                | 18<br>19<br>20<br>Fees(Fiets)toer |                                            |          |
| 21<br>Fees(Fiets)<br>toer<br><br>Menseregtedag | 22<br>Publieke<br>vakansiedag | 23                             | 24                | 25                                | 26<br>Konings-<br>kinderaksie<br>(@ 13:00) | 27       |
| 28<br>Rooipoortjie<br>(@ 11:00)                | 29<br>Reses<br>begin          | 30                             | 31<br>Skole sluit | 1 Apr.                            | 2<br>Goeie<br>Vrydag                       | 3        |

# **Die Kerkblad Maart 2021**

## **Lusmaker**



Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"

# die **Kerkblad**

Maart 2021

**Aanslag van die ongeloof**

**Die pandemie, die "tweede  
golf" en God as vaste Rots**

[www.gksa.org.za](http://www.gksa.org.za)





# Inhoud

## Maart 2021



JAARGANG 121, NO. 3354  
Maart 2021

- 
- |                                                      |                                                                     |                                                                      |
|------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------|
| 1 VAN DIE REDAKTEUR<br>Aanslag van die ongelooft     | 8 BRANDPUNT<br>Wêreldgelykvormigheid en<br>wêreldvermyding          | huidige kerklike verbod                                              |
| 4 UIT DIE WOORD<br>Die Gewer of sy gawes?            | FOKUS<br>10 Die pandemie, die "tweede<br>golf" en God as vaste Rots | 18 IN DANKBARE<br>HERINNERING<br>Ds. FJ van Dyk (Frans)              |
| 6 REDAKSIONEEL<br>Die gemeenskap van die<br>heiliges | 14 Kerklike lewe tydens die<br>Anglo-Boereoorlog en die             | 20 Lief en Leed<br>21 Kerklike administrasie<br>22 Kleinadvertensies |

### REDAKSIEKOMMISSIE

REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee  
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie  
ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock, dr. MN Hermann

### Adresbesonderhede:

- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

### Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2020 – 30 Junie 2021):

- Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R301
- Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R434
- Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R407
- Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes) – R126

**Intekening moet skriftelik gekanselleer word**

**DRUKKERS:** V&R Drukkery, tel. 012 333 2462



  
**Bybelwoord**

EIENAARS EN UITGEWERS  
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

# Aanslag van die ongeloof

*erger as korona*

In die vorige uitgawe van *Die Kerkblad* is 'n artikel gewy aan die boek van dr. Ben du Toit wat onlangs verskyn het, met die titel: “*God. Is daar 'n ander antwoord? 'n Bevrydende reis.*”

In die boek neem Du Toit afskeid van God en van geloof, en noem dit 'n wonderlike bevryding. Volgens prof. Pieter Verster (*Beeld*, 9 Januarie 2021) is Du Toit nou 'n priester van die ongeloof wat mense van sy ongeloof wil oortuig.

## Aanslag van die ongeloof

Die boek van Du Toit het, soos te wagte kon wees, besonder baie publisiteit in die openbare media ontvang. Met groot dankbaarheid kan gesê word dat daar diegene is wat prinsipieel, vanuit die Bybelse waarheid, die standpunte van Du Toit verwerp (vgl. o.a. prof. Verster in *Beeld* van 9 Januarie, asook ds. Kobus van der Westhuizen in *Beeld* van 13 Februarie 2021).

Die standpunte van Du Toit het egter ook 'n vloedgolf van ongeloof ontketen ter vurige ondersteuning van sy standpunte. Op hierdie aanslag van die ongeloof fokus hierdie artikel.

Een so 'n voorbeeld is 'n artikel uit die pen van George Claassen, “'n wetenskapjoernalis en media-etikus”, in *Rapport* van 24 Januarie 2021

met die titel: “Om denke te bevry” (hy is ook 'n selferkende “ongelowige”).

Claassen sê onder andere van die boek van Du Toit:

*“Du Toit het een van die bakermatdokumente in die Afrikaanse denkwêreld geskep ... Dit bied 'n blik op die geskiedenis van gevangenisskap deur die knellende borstrok van religie ... Vir Afrikaanssprekendes van alle kleure is die geskiedenis deurspek van die kettings van religie: die Nederlandse Protestantisme het 'n belangrike rol gespeel in die vestiging van 'n nedersetting aan die Kaap, en religie met al sy kulturele artefakte het die grondslag van die lewe aan die Kaap en die uitbreiding na die binneland geword. Ry deur die Suid-Afrikaanse platteland en van ver af is die toerings van kerke sigbaar.”*

En dan fokus hy veral op Afrikaanssprekende gelowiges wat “steeds so in kettings geslaan is met hul geloof in 'n skeppende godheid”.

*“Steeds klou soveel Afrikaanssprekendes aan die vertroosting van 'n dominee, eerwaarde, biskop en pastoor, wat almal steeds sterk steun op die antroposentriese wêreldvisie dat God Adam in beheer geplaas het van al sy aardse skepsels; dat hy die mens na sy beeltenis geskape het; dat hy, nadat die*



## Van die redakteur

*mens sy reëls in die Tuin van Eden verontagsaam het, self mens geword het en na die aarde gekom het om sy hoogste skepping van sy sonde te verlos ..."*

### Wetenskap en geloof

Claassen maak die fatale (onwetenskaplike) fout om die ware Protestantisme soos dit in die sestiende eeu gestalte gekry het, en die ware Gereformeerde teologiese wetenskap eenvoudig oor een kam te skeer met dinge soos astrologie, die Loch Ness-monster, buitensensoriese waarnemings, telekinese, bygeloof, toordery en al die uitwasse van ons tyd.

Sy grootste dwaling (soos dié van dr. Ben du Toit) is dat hy die Skrif as gesagvolle Woord van God verwerp.

Uiteindelik sê hy van Du Toit se boek: *"Ben du Toit maak die hek oop om die plaas van bygelowigheid en religie te verlaat en die vrugbare grond van rasonale denke en die wetenskap, met al sy eie foute, te betree. Hy bevry nie net homself nie, maar hopelik ook duisende Afrikaanse mense ... Die wetenskap is maar een vorm van rasonale denke, terwyl religie die algemeenste vorm van bygeloof is."*

### Slot

Claassen se tirade teen geloof, religie en uiteindelik God Self, het my laat dink aan die woorde van Christus Self in Matteus 10:28 (AFR20): *"En moenie diegene vrees wat die liggaam kan doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Vrees eerder Hom wat beide die siel en die liggaam in Gehenna (hel – CFCC) kan laat vergaan."*

Die koronavirus wat nou reeds vir meer as 'n jaar woed, het wêreldwyd reeds derduisende mense liggaamlik laat sterf. Maar die aanslag van die

ongeloof wat ook wêreldwyd woed en in omvang en intensiteit toeneem, is gerig op die siel van die mens, en in die aanslag van mense soos Du Toit en Claassen veral op die siele van ons eie Afrika-nemense.

Ons kan ons mense nie sterk genoeg waarsku teen hierdie aanslag van die ongeloof wat steeds gaan toeneem nie. Meer as ooit moet ons as kerke ons lidmate en veral ons kinders en jongmense toerus met die suiwer en enigste ware evangelie van Jesus Christus en die dwaling vanuit die Skrif ontmasker en veroordeel.

En hoewel daar slagoffers gaan wees, is dit ons troos dat nie een wat deur die Vader aan die Seun gegee is, ooit uit sy hand geruk sal word nie.

Die enigste evangelie van verlossing, die Woord van God, sal nooit tot swye gebring word deur die leuenpropaganda van die ongeloofswetenskap nie. En die Bruidskerk van Christus sal nie deur die poorte van die hel oorweldig word nie.

Ons roeping is alleen maar om die helder evangelie van Jesus Christus uit te dra tot by die eindes van die wêreld. Totdat Hy kom en almal voor sy regterstoel sal verskyn. <sup>CFCC</sup>

# LICORNA BEACH

**UMHLANGA ROCKS, NOORDKUS**

*Luukse seefront - vakansiewoonstelsel, slegs 20km noord van Durban.  
Volledig toegerus. Lugreëling, Satelliet TV, Diens, Wassery en swembad.*

**SENIOR BURGERS** - geen trappe van woonstel na strand.  
*Besprekings - Tel: (031) 561-2344; Faks: (031) 561-2974*

**LAGOONRYLAAN 82, POSBUS 544  
UMHLANGA ROCKS 4320**

E-pos: [licorna@intekom.co.za](mailto:licorna@intekom.co.za)  
<http://licorna.co.za>

# Wêreldgelykvormigheid en wêreldvermyding

**S**ekere dinge het die manier om, ten spyte daarvan dat hulle al oor en oor geweeg en te lig bevind is, altyd maar weer gesê te word – byna soos die ou volksliedjie se kat wat elke keer maar weer terugkom.

So hoor 'n mens gedurig dat gesê word: *Om te oorleef, moet die kerk bereid wees om sy geloof by die denke van ons tyd aan te pas.*

En as “bewys” hiervoor word die groot getalle jongmense wat die kerk verlaat, dan opgehaal.

Waarom kan hierdie bewering in beginsel nie waar wees nie?

## Bestaansrede

Die prinsipiële probleem daarmee is dat dit eintlik van die kerk verwag om die rede vir sy bestaan prys te gee. Dit eis dat die kerk sy belydenis oorboord moet gooi, maar laat buite rekening dat die kerk sonder sy belydenis in elk geval nie meer kerk is nie.

Die gevolg sou hoogstens wees

dat 'n organisasie onder die naam “kerk” bly voortbestaan, terwyl die kerk self in die proses vernietig word.

Dat die kerk ter wille van oorlewing juis getrou aan sy belydenis moet bly, staan vas in die Bybel. Oor en oor word die gelowiges gewaarsku teen wêreldgelykvormigheid. Die bekendste Bybelvers hieroor is seker Romeine 12:1: *“Moenie aan hierdie wêreld gelykvormig word nie.”* In Jakobus 4:4 word ons skerp vermaan: *“Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God.”*

Dit gaan nie net oor wat 'n mens doen nie, maar ook oor wat jy glo en bely. Daarvan getuig 1 Johannes 4:2, 3: *“Elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, is uit God. En elkeen wat nie bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het nie, is nie uit God nie, maar het die gees van die antichris ...”*

Dit is harde woorde, maar het ten doel om teen 'n baie erger uiteinde te waarsku!

## Wêreldvreemd

'n Verdere probleem met die druk op die kerk om aan die wêreld gelykvormig te word, is dat dit gelowiges verlei om wêreldvreemd te word. In oorreaksie teen alles in die wêreld probeer hulle dan om die wêreld te vermy. Dit lei tot 'n kloostermentaliteit.

Die probleem hiermee is dat gelowiges wat die wêreld probeer vermy, vergeet dat ons 'n roeping van God ontvang het om ons lig in die wêreld te laat skyn. Buitendien, met wêreldvermyding mag jy dalk van die wêreld met sy sonde wegvlug, maar jou eie sonde trek saam met jou in jou “klooster” in.

Wêreldgelykvormigheid en wêreldvermyding. 'n Toonbeeld hiervan in die Bybel is die destydse kerk in Korinte – 'n toonbeeld vir ons tot waarskuwing. Die Korintiese kerk was berug vir sy onderlinge

verdeeldheid (1 Kor. 1:11). Daar was verskillende groepe wat verskillende persone aangehang het (1 Kor. 1:12).

In geheel gesien, was die gemeente egter in twee hoofgroepe verdeel: aan die eenkant die wêreldgelykvormiges; aan die anderkant die wêreldvermyders. Hierdie twee groepe het oor verskeie sake kop aan kop gebots. Dit sien 'n mens namate jy deur die eerste Korintiërbrief lees.

- Eerstens was daar die kwessie van die offervleis aan afgode. Hieroor het Paulus in 1 Korintiërs 8 – 10 geskryf. Die wêreldgelykvormiges wou van die offervleis in die afgodstempels gaan eet, want dit was tog maar net gewone vleis. Die wêreldvermyders wou weer niks daarvan weet nie. Paulus se advies aan hulle? Julle kan gerus maar daarvan eet, maar hou dit by julleself. Moet dit nie op die ander gelowiges afdwing of hulle gewete daarmee beswaar nie – juis op grond van die liefde (1 Kor. 8:8-13; 10:23-33).
- Min of meer dieselfde advies gee die apostel aan die gemeente oor die spreek in tale. Hy wys die spreek in tale nie heeltemal af nie, maar, sê hy, as jy in tale wil spreek, doen dit dan in jou binnekamer. Moet dit nie in die gemeentelike samekoms indra en dit so op jou broers en susters wat anders daarvoor voel, afdwing nie (1 Kor. 14:2-4).
- 'n Saak wat werklik 'n gruwel voor die Here was, was die seksuele losbandigheid in Korinte. Die samelewing in Korinte was destyds berug vir hulle openbare prostitusie en ongetemperde onsedelikheid. Die wêreldgelykvormiges wou hê dat hierdie praktyke in die gemeente geduld word. Paulus wys dit egter met alle mag af (1 Kor. 5:13): *“Verwyder sulke slegte mense onder julle uit!”* Aan die anderkant vermaan hy die wêreldvermyders dat hulle sulke sondaars nie heeltemal kan vermy nie (1 Kor. 5:10): *“Om hulle te vermy, sou julle uit hierdie wêreld moes padgee.”* Daarmee sê hy: Hoewel die kerk mense wat in hierdie praktyke vasgevang is, nie in die kerk mag duld nie, bly hulle roeping staan om sulke mense tot bekering te roep, terug na die Here toe. Dat ook hierdie vermaning vir ons tyd net so bly geld, is duidelik soos daglig.
- En dan was daar in Korinte ook die leerkwessie. Daar was sommige lidmate in die kerk wat die belydenis van die liggaamlike opstanding van Jesus Christus bevraagteken het. Paulus skryf van hulle in 1 Korintiërs 15:12: *“Hoe sê sommige onder julle dat daar geen opstanding van die dode is nie?”* Hy weerlê hierdie mense dan deur te benadruk dat die evangelie wat hy verkondig het en

waaraan die kerk in die geloof vashou, vas gegrond is in die getuienis van mense wat self ooggetuies van die opgestane Here was (1 Kor. 15:1-8). As die kerk egter hierdie belydenis van Christus se opstanding sou verwerp, dan het dit geen sin dat die kerk bestaan of voortbestaan nie. *“As Christus nie opgewek is nie,”* skryf Paulus in vers 17, *“dan is julle geloof waardeloos en is julle gevang in julle sondes.”*

### Bybel is altyd aktueel

Wie kan dan sê dat die Bybel nie altyd aktueel is nie? Dit is amper asof die apostel Paulus elke poging tot wêreldgelykvormigheid én wêreldvermyding ook in ons tyd met die krag van die Gees afwys.

En elke keer wanneer die bewering weer die kop in die kerk uitsteek dat ons tog ter wille van aanvaarding in die wêreld van ons “onaanvaarbare” belydenis moet afstand doen, dan is die woorde van die apostel daar om dit die nek om te draai.

By dit alles besef ons opnuut: Die kerk se waarborg vir voortbestaan is nie in aanvaarding deur die wêreld of in groot getalle geleë nie, maar in Hom aan Wie die kerk in hart en siel deur die geloof verbind is: Jesus Christus, ons opgestane Here! <sup>DK</sup>



# Die pandemie, die “tweede golf” en God as vaste Rots

Ons beleef tans die lank voorspelde tweede golf van die COVID-19-pandemie wat besig is om deur ons land te beweeg en verwoesting te saai met siekte en dood. Sielkundiges en navorsers wat ondersoek instel na die impak van die pandemie op die psige van die mens, praat ook van ’n tweede golf. Hulle verwys dan nie na ’n tweede golf van virusbesmetting nie, maar na ’n massiewe golf van sielkundige probleme wat die pandemie in mense teweegbring en wat ’n geweldige impak op ons samelewing maak.

Een van die worteloorsoeke hiervan is die geweldige onsekerheid wat die pandemie op baie vlakke van mense se lewens veroorsaak het. Kernstrukture van mense se lewens is omvergegooi, verander en negatief beïnvloed. Dink maar aan die geweldige impak op die gesinslewe van mense en op werksomstandighede van soveel mense. Dink aan die ingrypende veranderinge wat die pandemie vir ons kerklike lewe en vir die opvoedingstelsel in ons land teweeggebring het. Dink aan die katastrofiese finansiële onstabieliteit en werkloosheid wat mense getref het as gevolg van die pandemie.

Hierdie impak op ons psige word deur navorsers beskryf as “pre-traumatische stresversteuring” waar mense reeds – voor die werklike trauma van besmetting deur die virus – angste en vrees beleef as gevolg van traumatiese dinge wat jy verwag met jou kan gebeur. Angste, bekommernis, depressie, onvermoë om te konsentreer en goedswisselinge word as simptome van hierdie versteuring aangedui.

Die omvang en nou reeds langdurige aard van

hierdie onsekerheid bewerk by mense ’n fisiese en psigiese ongemak wat dan deur verskillende breinprosesse daartoe lei dat mense – meestal onbewustelik – in ’n “oorlewingsmodus” gaan wat hulle op ’n sekere manier laat optree. Dis waarom ons samelewing tans ’n “lugleegte” belewe. Mense wil nie beweeg of risiko’s neem of betrokke raak by die algemene gang van die samelewing nie! Die rede hiervoor is in die eerste plek nie die vrees vir virusbesmetting nie, maar ’n reaksie op die voortslepende onsekerheid en die impak daarvan op my psige, met die gevolg dat ek my fokus net op eie oorlewing plaas.

Wat is ons as gelowiges se antwoord op hierdie “tweede golf”? Hoe moet ons onself uit hierdie greep van “onsekerheid” losmaak om weer ’n funksionele en roepingsvervullende lewe te leef? Die antwoord is: Fokus op God! God as die vaste grond onder ons voete. God is die Rots in die storm, die skuilplek teen gevaar. God as die sekuriteit van ons lewe. Die Here sê dit so vertroostend en bemoedigend vir ons in Psalm 46: *“Bedaar! Word kalm en rustig en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies en hoog bo die aarde!”* God is die vaste punt in ons lewe. Hy is nie onderworpe aan die onsekerhede van ons wêreld nie! Inteendeel, Hy bring dit tot rus in ons!

Te midde van ’n “pandemielewe” vol onsekerheid en angste roep God ons om met kalm geloofsvertroue in Hom as enigste vaste Anker te lewe. Hierdie boodskap uit Psalm 46 is ons redding wanneer die tweede golf dreig om ons te oorweldig.

## **Twee werklikhede**

Die skrywer beskryf twee werklikhede in die

psalm. Aan die een kant teken hy die werklikheid van ons wêreld wat in totale chaos kan verval, en aan die ander kant die werklikheid van God as vaste Anker in ons lewe. Dit is asof die psalmis hier doen wat Jesus doen toe Petrus op die water wou loop! Hy trek ons oë weg van die golwe na God!

Kom ons kyk eers hoe beskryf die Psalm die chaos van ons wêreld. Psalm 46:3 en 4 beskryf met kragtige metafore hoe onseker en hoe onstuimig ons wêreld kan word! Dit is ingrypend soos die aarde wat begin skud en waggel en berge wat in die see stort. Hierdie woorde laat mens aan 'n geweldige aardbewing dink wat die aarde so skud dat alles inmekaar tuimel. Dit is soos 'n verwoestende storm wat die seewater laat skuim en spat en so 'n geweldige tsunami laat ontstaan dat selfs die berge begin bewe! 'n Wêreld waarin dit vir die mens voel asof alle sekuriteit weg is, alles verander en alles is onseker! Gebeure wat die mens in angs en vrees laat verval en hom stroop van alles wat hy gedink het vas en seker is.

Dit is presies wat die koronapandemie aan ons wêreld kom doen het! Wie sou ooit kon dink dat die ganse mensdom se bestaan deur hierdie virus so geskud sou word? Dat alles wat vas en seker was, ewe skielik in chaos gedompel word en dat mense in die grootste onsekerheid sal lewe! Totaal onkant gevang, alles deurmekaar, alles omgekeer!

In vers 7 word beskryf hoe die mens hierop reageer! Letterlik staan daar: nasies het “gebruis”! Soos gaskoeldrank wat jy skud en die koeldrank bruis uit! So is die mensdom! Mense is onstuimig en onrustig! Selfs regerings en lande se politieke en ekonomiese lewe word so erg deur die onsekerheid getref dat dit dreig om in mekaar te stort!

Dis dieselfde onsekerheid en chaos wat ons verlede jaar met die aanbreek van die pandemie beleef het, deur die eerste golf en tans met die tweede golf aan die begin van 2021 beleef! 'n Pandemielewe waarin alles wat seker was, onseker geword het. Mense verval in angs en vrees

en beleef baie hoë vlakke van stres en spanning! Niemand weet wat is volgende nie! Hoe gaan die grendelstaat ook in hierdie jaar ons lewens beïnvloed? Hoeveel meer mense gaan nog siek word? Gaan ons gesondheidstelsel die toevloei van siek mense kan hanteer? Wat sal gebeur as ek die virus opdoen? Ek is bang om myself bloot te stel. Ek wil nie winkel toe gaan en myself blootstel nie. Vir maande al leef sommige mense in totale afsondering met die geweldige impak daarvan op hulle gees en gemoed!

Hoe gaan ons land se ekonomie weer herstel word? Gaan ek weer werk kry? Hoe gaan ek vir my gesin sorg? Wanneer gaan dinge weer normaliseer? Hierdie onsekerhede, vrese en kommer bewerk die emosionele en geestelike verstoring wat hierbo beskryf is.

Psalm 46 beskryf egter ook 'n tweede werklikheid – die werklikheid van God wat binne hierdie chaos kalmte en sekerheid bring (Ps. 46:5, 6, 9, 10). Kyk die geweldige kontras tussen vers 4 en 5. Die onstuimige waters van ons lewe teenoor die kalm en rustige water in Jerusalem! Jerusalem dien hier as simbool van God se troon. Daar waar God woon en regeer. Daar is kalmte en rus en vreugde! Die Here is daar en daarom wankel dit nie soos die aarde nie! Dit is belangrik om raak te sien dat die skrywer God se identiteit hier beklemtoon: God is die “Allerhoogste”! Daar is geen groter krag of mag of bestaan as God nie. Hy hou alles in sy hande en onder sy regering. Sien ook vers 8: “Die Here die Almagtige”, die grootste Heerser met alle mag in sy hande!

Daarom roep die psalmdigter ons in vers 9 en 10 op om op God te fokus. Kyk wat doen God alles vanuit sy magposisie as Here van die hemel en die aarde! Kyk na al die ongelooflike dinge wat God hier op aarde doen! Fokus op Hom! Dan is dit asof die Here self in vers 11 reageer op hierdie oproep: Ja, kyk na My! Bedaar, word rustig en erken dat Ek God is. Ek is verhewe bo alle nasies en bo die hele aarde.

God is die vaste anker in ons lewe. Hy staan bo

---

## Fokus

al hierdie dinge wat ons hier op aarde belewe, en van bo gryp Hy in hierdie chaos en onstuimigheid in en gee koers, bring vrede en bring mense tot rus! Die virus kan God nie bykom nie, hierdie virus is nie in beheer nie – God regeer!

Hierdie natuurverskynsel is ook in God se hand! Die Here, die Allerhoogste Here, Hy hou alles in sy hande! Daarom: Bedaar! Word kalm en rustig deur met vaste geloofsvertroue aan die Here as jou Lewensanker vas te hou! Hierdie oproep tot geloofsvertroue op God loop soos 'n refrein deur die psalm.

Sien ook die verwysing in vers 12 na “die God van Jakob” wat ons beskerm. Die God van Jakob. Dis God wat nog altyd met sy volk was. Deur alle eeue heen tot op hierdie oomblik. Dit is God wat sy teenwoordigheid in die chaos van hierdie wêreld kom bekendmaak het deur ons Here Jesus Christus. Christus kom om God, die Allerhoogste, se regering vanaf sy troon 'n lewende werklikheid hier op aarde te maak vir elkeen wat in Hom glo. Daarom verkondig Johannes die Doper dat die Koninkryk van God in Jesus se koms aangebreek het!

Christus kom vestig God se heerskappy en deur sy offer aan die kruis het Hy ons aan God kom vasmaak. Daarom staan daar op die bordjie aan die kruis: Jesus van Nasaret – die Koning van die Jode! Min het Pilatus geweet dat Hy die Koning van die wêreld is, wat God se heerskappy hier kom vestig het. God regeer en Hy bring sekerheid! Hy bring koers en rigting en Hy gee 'n toekoms!

### God met ons

Daarom word Jesus genoem: Immanuel: God is met ons! Dis presies wat in vers 8 staan. God regeer nie net oor die aarde nie, maar ook oor jou en my wat in Hom glo! Die skrywer sê in vers 5: “Die Here woon in Jerusalem.” Ek en jy is nou Jerusalem! God woon deur Christus in ons. En Hy doen dit deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees wat in jou kalme geloofsekerheid in God kom bewerk! Die Heilige Gees wat saam met ons in die chaos en onsekerheid is, Hy rig ons oë op God. Hy

herinner ons aan die feit dat God met die grootste offer wat Hy kon bring op Golgota verseker het dat niks jou ooit weer uit sy hande kan ruk nie!

Hoe meer ons op God in ons daaglikse bestaan fokus, hoe meer bewerk die Heilige Gees kalmte en sekerheid binne ons. Die geloofsekerheid dat God die vaste Anker en Rots is. Dat Hy die veilige skuilplek is en dat Hy jou lewe in sy hande het!

Hierdie geloofsvertroue in God is iets wat ons daaglik moet soek en naleef. So dikwels as wat die eksterne omstandighede ons denke oorheers en kommer en vrees bewerk – so dikwels moet ek en jy bewustelik en doelgerig ons oë op die Here rig en Hom naby ons hou. As ons bang word, dan bid ons! As ons onseker word, dan vra ons die Here om sy troos en bystand. En Hy skenk dit aan ons.

Soek die Here op! Fokus op God se Woord en die beloftes wat Hy daarin vir ons gee! Tot drie maal herhaal Psalm 46 die waarheid: God is my Anker, God is my Anker, God is my Anker! Maak jou denke vol met hierdie positiewe en vaste waarhede wat God ons gee! Ja, bedaar, sê die Here en erken!

Sielkundiges leer ons dat die Here ons so geskape het dat ons brein en liggaam op hierdie positiewe impulse reageer en ons losmaak uit die greep van onsekerheid. En dis wat die Here ook in hierdie psalm doen! God herinner ons keer op keer Wie Hy is. Hierdie positiewe boodskap bring deur die werking van die Gees geloofsvertroue en kalmte in ons gemoed! Ja, die eksterne omstandighede verander nie noodwendig nie, maar nou kyk ek anders daarna en reageer ek met geloofsvertroue daarop!

Voel jy ook asof die “tweede golf” van die pandemie jou omgeslaan het? Hoor dan die roepstem van ons Here te midde van die onsekerheid van hierdie pandemielewe. Hy rig ons op Hom!

Kom ons plaas ons vertroue dan volkome in die Here. Hy is ons Rots, ons vaste Anker, daarom is ons nie bang nie! <sup>DK</sup>